Selfverwesenliking

"om jouself in vrees te stel is die beste wapen teen vrees"

Doelwit: *Om die Verkenner bewus te maak van sy eie leierskapspotensiaal asook om die Verkenner te help om hierdie potensiaal te ontwikkel.*

Weergawe: *2007.0*

Datum: *Augustus 2007*

Begronding:

Voortrekkerkode:
8. 'n Voortrekker neem leiding.
9. 'n Voortrekker is oplettend en weerbaar.
10. 'n Voortrekker is diensvaardig.

ABC: Selfontwikkeling is 'n Christelike plig. Om met ons talente te werk sodat ons dit die beste vir die bevordering van die Koningkryk kan gebruik is ons verantwoordelikheid. Verder is dit ook ons plig as verantwoordelike landsburgers om leiding te neem met kennis wat ons opdoen om die beste oplossing vir probleme in ons omgewing te bewerkstellig.

Aanbiedingsvereistes:

Tydsduur:	5 dae aaneenlopend	**Graadgroep:**	10 - 12
Aanbieding:	Die spesialisasie kan slegs in groepsverband op 'n kamp wat oor ten minste 5 dae strek afgehandel word.		
Toekennings instansie:	Kommando, gebiedskamp		

Uitkomste:

Om die kenteken te verwerf moet die Verkenner:

1. *Kennis neem van die definisie van leierskap en ook sy eie persepsie vorm rondom leierskap.*
2. *Kennis neem van die verskillende leierskapstyle.*
3. *Die rol van selfkennis in die bereiking van potensiaal verstaan.*
4. *Algemene begrippe en tegnieke van doelwitstelling, probleemoplossing en konflikhantering verstaan en kan toepas op sy eie lewe.*
5. *Groepsdinamika en kommunikasie verstaan en in rollespel kan demonstreer.*
6. *Die hantering van algemene slaggate, onder andere dwelms, vrye seks, portuurdruk, doelloosheid, ensovoorts, verstaan.*